



Vereniging - Association

WNNR / CSIR
Building 4
Meiring Naude Rd
Brummeria
Pretoria
35889, Menlopark, 0102
+ 27 12 349 1237 / 8/ 9
+ 27 12 349 1240
info@rmaa.co.za
www.rmaa.co.za

Publikasie van die Vleisinspeksieskema deur die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye.

Die Departement het die Onafhanklike Vleisinspeksieskema afgekondig in Staatskoerant Vol 625, nr 40965 van 07 Julie 2017.

Die skema het ten doel om Vleisinspeksie vir alle abattoirs in terme van die wetlike vereistes van die Wet op Vleisveiligheid te laat geskied. Hierdie Wet is alreeds in 2000 ingestel maar hierdie aspek is nooit volledig deur die departement implementeer nie.

Vleisveiligheid behoort nie n vereiste te wees vir geselekteerde kliente of verbruikers nie, maar is basiese diens wat tot voordeel van elke verbruiker gelewer behoort te word.

Die departement het na wye konsultasie alreeds in 2013 n beleidsdokument vrygestel met n Finale aanbeveling vir vleisinspeksiedienste in Suid Afrika (Maart 2013). (*'n Uittreksel is hierby aangeheg*).

Die publikasie van die Vleisinspeksieskema (No 364 van 07 Julie 2017) gee gestalte aan die lewering van vleisinspeksiedienste deur agentskappe en ook aan die tekortkominge van hierdie diens vir ons fasiliteite om wel die uitvoermark te behou of te betree.

- *Wat is die siening van Vereniging in die lig daarvan dat dit so lank gesloer het?*
Die aankondiging word deur die bedryf verwelkom ten einde eenvormige nasionale standaarde te stel vir een van die belangrike te waarborg vir vleisveiligheid aan die verbruiker. Die diens soos gedefinieer in die skema verseker nou ook dat die regulatoriese vereistes by n abattoir, onder toesig van n veearts, deurlopend gemonitor word. Hierdie vereistes verseker ook nou dat ons abattoirs want aan die nodig uitvoerstandaarde voldoen, wel vleisinspeksiedienste kan bekom wat aan die standaarde van invoerlande kan na kom.
Die skema verwys na die lewering van diens deur die staat aan Landelike abattoirs en lae deurset abattoirs wat nie gereeeld slag nie. Hierdie aspek van nasionale inspeksiedienste moet dringend implementeer word om diens volgende n minimum standaard aan alle verbruikers te verseker.
- *Hoe belangrik is 'n onafhanklike diens, die voor- en nadele wees, en die impak op die uitvoere van vleis gaan dit bv ook belangrik wees vir uitvoer?*
Vleisinspeksiedienste volgens minimum vereistes is 'n basiese reg van elke verbruiker. Die internasionale evalueringverslag oor Veeartsenydienste in Suid Afrika (2014) het alreeds aangedui dat SA die gevaar loop om uitvoergeleenthede te verbeur indien aandag nie aan die standaarde en regsverantwoordelikheid van vleisinspeksiedienste gegee word nie. Onthou dat die definisie van vleisinspeksiedienste nie net na fisiese inspeksie van die karkas verwys nie maar ook na regulatoriese toepassing wat aspekte soos dierewelsyn, higiëne, slagtegnieke, verkoeling en dokumentasiesistels by die abattoir. Die klem is dus nie alleen op die onafhanklikheid nie maar moet ook minimum standaard stel met die versekering dat daar nie onregmatige mededinging in die bedryf is agv verskillende toepassing in die bedryf nie.
- *Is die insette van die bedryf in ag geneem in hoe die skema nou gaan lyk – is daar uitstaande kwessies?*
Die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye het wel met die onderskeie vleisbedrywe konsulteer by wyse van n Vleisinspeksieforum en die skema is ook vir brëer kommentaar publiseer. Sekere aanbevelings is wel aanvaar en terselfertyd het die rooivleisbedryf sekere toegewings gemaak ten opsigte van eenvormige standaarde vir alle rooivleisprodukte.

Die direkte betaling sal volgens die dokument voortgaan totdat die befondsingmodel finaliseer is artikel 19. Die bedryf is baie bekommerd dat so 'n staatsmodel wel onnodige kostes sal bydra sonder om 'n waarde te voeg tot die beginsel van onafhanklikheid. Ons sal dit as n saak van dringendheid met die departement opneem.

Dit is jammer dat die aansoek nie aan die Nasionale departement gerig word nie. Dit sal ongelukkig lei tot geweldige duplikasie met sommige agentskappe wat waarskynlik in al nege provinsies diens

verrig. De Nasionale Departement kon steeds met provinsies konsulteer oor die aanstelling van n'n agenstskap in die provinsie.

- *Is daar voldoende tyd vir die assignees om aansoek te doen en is daar genoeg personeel?*

Alhoewel vleisinspeksie agentskappe of nooit formeel aangestel is sedert die afkondiging van die wet of die konsepskema nie, lewer die personeel van n aantal maatskappye alreeds vir n geruime tyd vleisinspeksie dienste by veral hoë deurset abattoirs. Nie alle agentskappe lewer egter uitsluitlik vleisinspeksie en klassifikasie dienste by abattoirs nie, maar dit behoort nie moeilik te wees vir sodanige maatskappye om te herstruktureer en slegs funksies te beperk tot slegs vleisinspeksie nie.

- *Is daar genoeg veeartse vir wat in die skema vereis word?*

Die beskikbaarheid en aanstelling van n veearts is alreeds deel van die wetlike vereistes by 'n abattoir. Die belangrike te verskil is dat hierdie veearts nou deel sal wees van die agentskap se ooreenkoms met die abattoir en dus n kontraktuele diens aan die agentskap wees met meer uitgebreide funksies as tans die geval. Verder voortgesette opleiding Sal ook nodig wees vir privaat veeartse wat aan hierdie dienste vir agentskappe sal verskaf.

- *Gaan die nuwe bedeling abattoirs meer kos as die huidige bedeling? Indien nie, hoekom nie? Indien wel, hoe gaan jul lede hierdie koste verhaal?*

Vleisinspeksie is veronderstel om 'n publieke diens te wees tot voordeel van die bedryf en die verbruiker en word deur die staat gelewer of gesubsidieer in die res van die wêreld.

Weens verskeie omstandighede is hierdie opsie nie deur die Departement oorweeg of aanbeveel in die Finale aanbeveling vir vleisinspeksiedienste in Suid Afrika (Maart 2013) nie.

Hierdie skema baan nou die weg vir vleisinspeksiedienste as n kombinasie van publieke en privaatdienste waarby die totstandkoming van n Vleisinspeksieforum (seksie 19) die geleentheid gee vir die onderskeie vleisbedrywe om deel te wees van besluitneming oor die lewering van hierdie dienste maar sonder om die onafhanklikheid daarvan in te boet.

- *Wat word van die inspekteurs wat nou in abattoirs se diens is, moet hul hul eie ondernemings begin en deur abattoirs afgelê word?*

Daar is 'n algemene tekort aan vleisinspekteurs met genoegsame ondervinding in die bedryf. Ons voorsien nie dat inspekteurs wat nie tans onafhanklik dienste verrig, enigsins benadeel sal word nie. Die lewering van dienste deur agentskappe sal intendeel waarskynlik beter werksekuriteit verskaf. Die aankondiging oor die aanstelling van die agentskappe verlig ook baie onsekerhede wat by toegewyde vleisinspeksiepersoneel vir die afgelope dekade geheers het.

- *Word HMS ook deur die agentskappe oorgeneem? Wat gebeur met die persone wat reeds in daardie posisies is wat reeds permanent vir die maatskappy werk*

Nee, by n hoë deurset fasiliteit bly dit die verantwoordelikheid van die abattoir. Die agentskap het egter in terme van die regulatoriese toepassing ook n verpligting om toe te sien dat hierdie aspek van die regulasie ook toegepas word.

Dit is slegs by kleiner abattoirs waar die bedryf gevra het dat n ver gunning toegestaan moet word om die vleisinspekteur vir die stelsel verantwoordelik te hou (lae deurset en meer kostedoeltreffend)